**VYFDE Sondag van die Opstanding**
**Doop: Le-Ché Badenhorst**

Tekste: Psalm 63: 1; Matteus 5: 4.
Fokus teks: Matteus 28: 16-20, 2022.
Liedere: Gesang 278; Psalm 33: 1 (TT Cloete), 4 (TT Voete) en 1 (Totius); Gesang 314; Gesang 268 x 4.

---

## AANKONDIGINGS:

- Hartlik Geluk aan almal wat hierdie week verjaar! Maandag 4 Mei verjaar Cornell le Roux en Laré van Huyssteen. Dinsdag 5 Mei is dit die beurt van Elize Pretorius, Rene Kotze en Lizette Smit. Op Woensdag 6 Mei word oom Jurie Botha 80 jaar oud. Donderdag 7 Mei Johan Botha. Vrydag 8 Mei ma Liena Janse van Rensburg en Henriette Cronjé. Ons dank die Here vir al hierdie genade en wens julle net die mooiste en gesondste dae vorentoe.
- Kom besoek ons Snuffel Mark op Saterdag 9 Mei van 9:00 tot 14:00 en ondersteun 'n betekenisvolle projek van die Vrouebediening. Die doel is om fondse in te samel vir die herstel en onderhoud van ons kerkgebou. Jy kan betrokke raak deur voorbidding te doen, 'n stalletjie teen R200 te huur, of 'n hand by te sit by die kosstalletjie. Skakel gerus vir Elizabeth by 0828705868 om jou betrokkenheid te bespreek. Ons sien daarna uit om jou daar te verwelkom!
- Goeiemôre aan die Baby Boomers (gebore: 1946-1964) van Zuurfontein Gemeente. Ons sien met groot

opgewondenheid uit daarna om jou te verwelkom by ons Koffie & Gesels op Sondag 17 Mei 2026 om 16:00 by die Kerkgebou.

Daar is reeds 'n heerlike kuierlysie aan die groei, en ons hoop jy sal ook deel wees van hierdie besondere ontmoeting. Ons begin stiptelik om 16:00 met koffie en iets lekkers vir die kies. Daarna gesels ons saam oor "Kerkwees vir vandag" – hoe ons as gemeente relevant, warm en betekenisvol kan leef en dien in ons tyd.

As lid van die Baby Boomers-generasie dra jy 'n skat van ervaring, wysheid en geloofsverhale. Daarom wil ons graag na jou gedagtes luister en saam droom oor die pad vorentoe vir Zuurfontein Gemeente. Jou stem en bydrae is vir ons baie kosbaar.

Kom geniet 'n ontspanne middag van koffie, gesprek en geloofsgemeenskap. Bring jou glimlag, jou herinneringe en jou idees saam.

Ons sien baie daarna uit om saam met jou te kuier!

Bevestig asseblief jou bywoning of maak verskoning.

Tekste: Psalm 63: 1; Matteus 5: 4.
Fokus teks: Matteus 28: 16-20, 2022.
Liedere: Gesang 278; Psalm 33: 1 (TT Cloete), 4 (TT Voete) en 1 (Totius); Gesang 314; Gesang 268 x 4.

---

- Jy word hartlik uitgenooi na ons Koffie gesprek vir lidmate wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het. Hierdie is 'n veilige en rustige geleentheid waar ons saam kan kuier, luister, bemoedig en mekaar dra.

  📍 Woensdag 20 Mei 2026

  ⏰ 10:15

  By die pastorie

  Ons tema vir die oggend is: "Mense sê jy moet net sterk wees."

  Baie mense hoor hierdie woorde, maar weet hoe swaar dit soms voel. Daarom wil ons saam gesels oor verlies, seer, hoop en die pad vorentoe.

  Daar sal koffie, 'n warm ontvangs en ruimte vir eerlike gesprek wees. Jy hoef niks te sê as jy nie wil nie – jou teenwoordigheid alleen is genoeg.

  ☕ Belangrik: Daar is slegs plek vir agt persone, daarom vra ons dat jy asseblief so gou moontlik jou naam opgee om jou plek te verseker.

  📞 Bespreek jou plek by dr Hannes Janse van Rensburg.

- In 2026 toon die webtuiste van Gemeente Zuurfontein voortgesette, sterk groei met 'n indrukwekkende totaal van 80,419 besoeke – 'n toename van ongeveer 10,000 besoeke vir die derde agtereenvolgende week. Die grootste deel van die verkeer kom steeds uit Suid-Afrika (34,309), wat die gemeente se sterk plaaslike betrokkenheid bevestig. Onbekende besoekers (22,244) bly 'n beduidende komponent, terwyl die internasionale bereik verder uitbrei met betekenisvolle bydraes uit Indonesië (9,285) en die VSA (6,866). Lande soos Indië, Japan, Vietnam, Oekraïne, Rusland en Australië vorm steeds deel van hierdie groeiende wêreldwye voetspoor. Hierdie volgehoue styging beklemtoon nie net momentum nie, maar wys duidelik dat Gemeente Zuurfontein se digitale bediening mense oor grense heen bereik, inspireer en geestelik bedien.

## LIEF & LEED:

- Baie geluk aan Anna-Mart Viljoen wat Maandag 27 April 2026 aan die finale GSS rondte deelgeneem het,

sy is tot die 0/17 Gauteng Provinsiale skole span verkies. Jy maak ons baie trots!

- Baie dankie aan Francois Fouche wat by die pastorie gehelp het om die lek in die swembad te herstel en die swembad se pomp te vervang. Dit word opreg waardeer.
- Carien Grobler en haar span het hierdie week die klok se toring skoongemaak. Dit was ‘ reuse hoop mis wat daar uitgekom het. Die tou wat die klok trek is ook herstel. Baie dankie!
- ‘n Klompie van ons lidmate het hierdie week hand bygesit om ‘n krisis situasie af te weer. Dankie vir die werk, skenkings en omgee. Julle het ‘n verskil gemaak.
- ‘n Groot dankie vanmôre ook vir Martin van Staden wat die klankstelsel op die kansel netjies gemaak het en herstelwerk in die mans se badkamer gedoen het.

## KLOK:

Gemeente van die Here, die klok roep ons vandag uit die geraas van die wêreld na die teenwoordigheid van God.

Tekste: Psalm 63: 1; Matteus 5: 4.
Fokus teks: Matteus 28: 16-20, 2022.
Liedere: Gesang 278; Psalm 33: 1 (TT Cloete), 4 (TT Voete) en 1 (Totius); Gesang 314; Gesang 268 x 4.

---

Laat ons stil word en ons harte oopmaak vir hierdie ontmoeting met die Lewende Here. Vandag steek ons vyf kerse aan as teken van die vyfde Sondag van die Opstanding – ’n herinnering dat die lig van Christus steeds helder skyn en dat nuwe lewe ons deel is. Ons kom ook saam om die genade van God sigbaar te vier in die doop, as teken van sy verbond en trou. Daarom is ons hier: om te aanbid, te luister en saam te deel in God se werk onder ons.

## TOETREDE:

Ons begin, met die sing van Gesang 278. Dan staan ons vir die votum en seëngroet van die Here. Hierna kan ons weer ons plekke inneem.

## Gesang 278 ~ Hoor ons bid, o Heer

## VOTUM:

Here, ons soek U – na U alleen smag ons. Ons verlang om u grootheid en u mag te sien, om u heerlikheid te

aanskou. Neem ons vandag in u teenwoordigheid in, en vervul ons met u troue liefde (Psalm 63:1).

## SEËN:

Gelukkig en bevoorreg is dié wat hartseer is, want God self sal julle troos en moed gee. (Matteus 5: 4).

## VOORLESER: Cecilia Barnard

## LOFSANG:

God het ons met sy seën gegroet. Laat ons met blydskap daarop antwoord. Kom ons staan dan sing ons tot lof van die Here - Psalm 33: 1 en 4 (TT Cloete) en vers 1 (Totius).

## Psalm 33: 1 (TT Cloete), 4(TT Cloete), 1(Totius) ~ Sing vrolik!

## WET & BELYDENIS:

Die eie ek is ‘n groot siekte van ons eie tyd. Dit maak dat ŉ mens nie meer omgee vir ŉ ander nie. Alles moet tot my eie voordeel en belang wees. God vra egter van ons om ander se belange op ons hart te dra. Dit is die wil van

---

God. Kom ons luister nou na ‘n uittreksel van Paulus se brief aan die Filippense, heel aan die einde van hierdie uittreksel hoor ons ook ‘n geloofsbelydenis: Jesus Christus is Here!

## Filippense 2: 1-11:

1Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die
aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die
Gees, die innige meegevoel en meelewing – 2maak dan
nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een
in liefde, een van hart, een in strewe. 3Moet niks uit
selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die
een die ander hoër ag as homself. 4Julle moenie net
elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van
ander.

5Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in
Christus Jesus was: 6Hy wat in die gestalte van God was,
het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets
waaraan Hy Hom moes vasklem nie, 7maar Hy het
Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te
neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens

verskyn het, 8het Hy Homself verder verneder. Hy was
gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.
9Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en
Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, 10sodat in die
Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde
en onder die aarde is, die knie sou buig, 11en elke tong
sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die
Vader.

Ons het nou na die wil van God geluister en ons geloof bely. Laat ons dit bevestig met die sing van Amen (Gesang 314). Amen beteken: "Dit is waar en seker" of "So is dit, so sal dit wees." In die erediens is "Amen" ons gelowige antwoord op God se Woord en ons gebede — 'n bevestiging dat ons vertrou op God se waarheid en sy beloftes. Dit is nie net die einde van 'n gebed nie, maar 'n daad van geloof: ons sê daarmee dat ons saamstem, glo en ons lewe daarop wil bou.

Tekste: Psalm 63: 1; Matteus 5: 4.
Fokus teks: Matteus 28: 16-20, 2022.
Liedere: Gesang 278; Psalm 33: 1 (TT Cloete), 4 (TT Voete) en 1 (Totius); Gesang 314; Gesang 268 x 4.

---

## LITURG:

Ons Skriflesing van ons vanmore in die gees na 'n berg in Galilea. Dieselfde soort plek waar God dikwels sy wil duidelik maak. Dit is ná die Opstanding van Jesus. Die graf is leeg, die dood is oorwin, maar die dissipels staan nog tussen geloof en onsekerheid ... tussen doen en twyfel.

Hier, op hierdie berg, kom die opgestane Here na sy hulle toe. Wat Hy sê, is nie net vir hulle nie, maar vir elke gelowige, deur alle tye heen, tot vandag toe. Hy sê sy openbare optrede op aarde is nie die einde van sy werk nie, dit is die begin van 'n wêreldwye sending. Die hartklop van die kerk se roeping, die hartklop van die uitlewing van ons geloof.

Kom ons luister hoe die Here self sy dissipels stuu en hoe Hy ook vir my en jou stuur. Laat jou self toe om na daardie gebeure meegevoer te word. Luister na Jesus as hy met

jou praat, hoor wat Hy vir jou sê en besluit vanoggend om dit te gaan doen.

## SKRIFLESING: Matteus 28: 16-20, 2022

### Dit is nie die einde nie, maar die begin … Jesus stuur sy dissipels die wêreld in

[16]Die elf dissipels is na die berg in Galilea toe, die plek
waarheen Jesus vir hulle gesê het om te gaan. [17]Toe hulle
Hom sien, het hulle Hom aanbid. Tog was party van hulle
nog onseker oor wat besig was om te gebeur. [18]“God het
aan My al die mag en krag gegee, of dit nou in die hemel
is of op die aarde,” sê Jesus vir hulle. [19]“Gaan nou die
hele wêreld in en nooi al die mense uit om my volgelinge
en dissipels te word. Doop hulle in die Naam en met die
gesag van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.
[20]Leer hulle alles wat Ek julle geleer het en oortuig hulle
om daarvolgens te leef. Weet vir seker: Ek is elke dag by
julle, ja, altyd, tot aan die einde van die wêreld.”

## PREEK:

Daar is ’n toneel wat ons verbeelding vanoggend moet aangryp. Dis vroegoggend op ’n berg in Galilea. Die lug is helder, die wêreld stil, asof alles en almal wag op iets

wat moet gebeur. 'n Klein groepie dissipels (elf) staan daar rond. Ek en jy is ook daar in die gees.

Daardie mense het alles beleef: die wonderwerke van Jesus, Sy lering / onderrig / opvoeding / wonderwerke, die gevangeneming en lyding, die kruis… en nou ook die werklikheid van Jesus se Opstanding. Hulle sien Hom. Hulle aanbid Hom.

Maar Matteus sê ook: party het nog getwyfel. En dalk is dit juis die plek waar ons onsself in hierdie verhaal begin herken. Want geloof en twyfel leef dikwels nader aan mekaar as wat ons eerlik wil erken.

En juis in daardie ruimte, tussen aanbidding en onsekerheid, kom Jesus nader en Hy praat. Nie oor die verlede nie. Nie oor hulle mislukkings nie. Maar oor wat nou moet begin. Aangrypend? Nie oor ons mislukkings nie. Nie oor ons verlede nie. Maar oor wat nou van hier af moet gebeur. Hy sê vir hulle (vir my en jou): "Gaan." Dus

nie passief nie. Dit is nie sit en niks doen nie. Dit is opstaan en "Gaan."

Dit is die eerste woord van die nuwe tyd. "Gaan nou die hele wêreld in ..." Die evangelie is nie bedoel om stil te bly nie. Dit is nie so privaat nie. Dit is nie iets wat ons moet bêre tot ons dit eendag mag nodig kry nie. Dit is iets wat beweeg, iets wat opstaan en uitgaan, wat ander mense bereik, wat ander harte moet aanraak.

Dan hoor ek ook weer vanmore Jesus sê: "nooi." Nie dwing nie! Nie afdwing nie! Nie oordonder nie! Nie konfronteer nie! Maar net nooi. Soos iemand wat 'n deur oopmaak en sê: "Kom binne. Kom ervaar. Kom stap saam." Dit verander ons hele verstaan van sending (missionaal). Ons roeping is nie om mense te oorrompel met argumente nie, om hulle te laat skaamkry oor moeilike vrae wat hulle nie kan antwoord nie, maar om hulle uit te nooi in 'n lewe saam met Jesus. Om te sê: kom kyk hoe lyk dit om Hom te volg. Kom word deel van die reis. Stap saam ...

En dan bring hierdie woorde ons baie naby aan wat vandag hier gebeur. Vandag doop ons ’n kind, haar naam is Le-Ché. ’n Jong lewe, maar ’n groot geestelike en volwasse oomblik. Want die doop begin nie by ons nie. Dit begin by God. Nog voordat hierdie kind iets kan verstaan of kies, sê God: “Jy behoort aan My.” Die doop gaan nie oor die mens nie, maar oor God. Dit is God se doop, God se teken wat sê ek het jou gered. Ons verdien nie die doop met ‘n besluit wat ons geneem het nie, ons ontvang dit as genade in dankbaarheid.

Ek wil myself vir ‘n oomblik hier met nog ‘n kant aantekening onderbreek. Merk ons op dat Jesus se opdrag oor die doop nie sê hoe oud jy moet wees voor jy gedoop moet word nie. Merk ons op dat Jesus se eie opdrag om te doop nie sê hoe jy gedoop moet word nie. Merk ons op dat daar niks oor die mens en sy keuse by die doop gesê word nie. Nee, Jesus se opdrag om te doop sê bloot: *Doop hulle in die Naam en met die gesag van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.* Die

enigste voorwaarde wat Jesus vir die doop gee is: *Doop hulle in die Naam en met die gesag van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.*

Jesus sê verder: *Leer hulle alles wat Ek julle geleer het en oortuig hulle om daarvolgens te leef*. Hoor ons reg? Hy sê nie net: leer hulle nie. Hy sê: leer hulle om te leef. Die geloof is nie bloot kennis nie. Dit is nie net iets wat ons met ons kop glo nie. Die geloof is nie net iets wat ons met ons woorde leer nie. Dit is ’n manier van lewe, ’n pad wat geloop moet word, dag vir dag. Die voorbeeld wat ons stel met ons woorde en dae.

En dit bring ’n besondere roeping vir ouers en alle volwassenes. Aan julle wat vandag julle kind laat doop: hierdie is nie net ’n mooi, simboliese oomblik nie. Hierdie is ’n heilige oomblik met heilige verantwoordelikheid. Julle word geroep om hierdie kind te leer, nie net met julle woorde nie, maar met julle hele lewens. Om te wys hoe lyk gebed. Hoe lyk vergifnis. Hoe lyk vertroue. Hoe lyk liefde. Hoe lyk kerk toe gaan. Want kinders leer min uit

wat ons sê; hulle leer bykans hoofsaaklik uit wat hulle sien hoe ons leef.

Maar hierdie roeping stop nie by ouers nie. Dit raak ons almal. Elkeen van ons wat gedoop is, word herinner: jy is nie net gered nie, verlos, vrygespreek nie, jy is geroep. Geroep om te leer, en om ander te help leer. Geroep om self te groei, en om ander saam te neem op die pad van dissipelskap.

Wanneer ons gedoop word, sê God: "Jy leef onder my Naam. Jy behoort aan My. Jy is ingesluit in My verbond." En vir ons wat reeds gedoop is, is dit 'n herinnering dat ons identiteit nie bepaal word deur wat die wêreld oor ons sê nie, maar deur wat God oor ons verklaar het. Jy is Myne!

Hierdie drie dinge ... gaan, leer en doop ... staan nie los van mekaar nie. Dit vorm een beweging. Ons gaan en nooi. Ons doop en bevestig. Ons leer en leef. Dit is die ritme van die kerk. Dit is die ritme van 'n lewe met God.

---

Maar as ons eerlik is, voel hierdie roeping soms groot. Te groot. Die wêreld is wyd. Mense is kompleks. Omstandighede is moeilik. Ons voel soms onseker oor wat om te sê en hoe om te leef. En miskien voel ons weer soos daardie dissipels op die berg ~ vol aanbidding, maar ook vol vrae.

En juis daarom eindig Jesus nie met ’n opdrag nie, maar met ’n belofte: “*Weet vir seker: Ek is elke dag by julle, ja, altyd, tot aan die einde van die wêreld*.”

Dit is die anker van alles. Nie ons vermoë nie, maar sy teenwoordigheid. Nie ons krag nie, maar sy nabyheid. Hy is by ons in die gewone dae. Hy is by ons in die moeilike oomblikke. Hy is by ouers wat probeer om getrou te wees. Hy is by elke gelowige wat worstel, groei en leer. Hy is by ons wanneer ons gaan, wanneer ons leer, wanneer ons doop.

Ons roeping is inderdaad groot. Maar die Groot Belofte is groter.

Daarom, wanneer ons vandag hierdie kind doop, en wanneer ons weer onthou dat ons self gedoop is, laat ons opnuut antwoord op hierdie roepstem. Laat ons gaan en mense nooi in die lewe van Jesus. Laat ons leer en self leef wat ons glo. Laat ons onthou wie ons is, mense wat gedoop is in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

En bo alles, laat ons vashou aan hierdie belofte:
Hy is by ons.
Elke dag.
Altyd.
Tot aan die einde van die wêreld.
Amen.

## FORMULIER VIR DIE DOOP:

Carlyle Badenhorst en Cherise Fouche, asook Le-Che, ons versoek julle om nou na vore te kom en hier in die

teenwoordigheid van God en die gemeente, eerlik op drie vrae te kom antwoord. Wanneer julle JA antwoord word dit drie geloftes aan God.

Die doop roep ons op om God lief te hê. Dit is belangrik dat gelowiges die betekenis van hulle doop sal uitlewe. Ouers en die gemeente moet daarom hulle kinders leer wat die doop beteken. Ons kinders behoort in die lewe van die gemeenskap van gelowiges te ervaar wat dit beteken om aan God te behoort.

1. Glo julle dat ons en ons kinders ondanks ons sonde deur God in genade aangeneem is?
2. Glo julle dat die evangelie alles bekend maak wat nodig is vir ons verlossing, soos belig in ons belydenis?
3. Belowe julle om julle kind te leer wat die doop beteken en te laat grootword in die geloofsgemeenskap van Christus?

Wat is hierop u antwoord?

Tekste: Psalm 63: 1; Matteus 5: 4.
Fokus teks: Matteus 28: 16-20, 2022.
Liedere: Gesang 278; Psalm 33: 1 (TT Cloete), 4 (TT Voete) en 1 (Totius); Gesang 314; Gesang 268 x 4.

---

Le-Che Badenhorst, ons doop jou in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Amen.

## DANKGEBED NA DIE DOOP:

Dankie, Here, dat ons as gemeente by hierdie geleentheid daarvan oortuig kan wees dat:

U as Vader ons liefhet;

U Seun ons red;

U Gees in ons harte woon.

Dankie, Here, dat ons opgeneem is in u verbond.

Dankie dat u Le-Che sigbaar as u kind aangeneem het.

Dankie dat ons deel kan wees van hierdie gemeente wat aan ons ‘n geestelike tuiste bied.

Dankie dat ons hier u evangelie kan hoor en gemeenskap met U en met mekaar uitleef.

Neem tog ons lof en aanbidding aan.

Here, lei ons – en in besonder haar wat pas gedoop is –

om altyd die warmte van u nabyheid te ervaar en altyd tot u eer te lewe.

Inspireer ons om altyd na ander uit te reik.

Vader, gee dat ons die betekenis van ons doop ons eie sal maak.
Jesus, Here, gee dat ons lewe van u verlossende teenwoordigheid sal getuig.
Heilige Gees, vervul ons sodat ander in ons lewe kan sien dat U ons lei en troos.

Ons bid vir die doopouers en die gemeenskap van gelowiges. Gee aan ons die krag en geleenthede om ons voorneme getrou na te kom.

Ons bid dat ons tuis sal wees in die geloofsgemeenskap van Jesus Christus, die Here.
Amen

Tekste: Psalm 63: 1; Matteus 5: 4.
Fokus teks: Matteus 28: 16-20, 2022.
Liedere: Gesang 278; Psalm 33: 1 (TT Cloete), 4 (TT Voete) en 1 (Totius); Gesang 314; Gesang 268 x 4.

---

## SEËN: Gesang 268 x 3